Les 11

*3 - 9 Junie

Valse leraars

Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se les:
II Petrus 2:1-22, Johannes 8:34-36, Matteus 12:43-45, Judas 4-19, Génesis 18:16-33.

Geheueteks:
"Hulle belowe vryheid aan hulle, terwyl hulle self slawe van die verdorwenheid is; want waar 'n mens deur oorwin is, daarvan het hy ook 'n slaaf geword" *(II Petrus 2:19).*

In sy eerste brief het Petrus met groot pastorale besorgdheid sy lesers bemoedig met betrekking tot die gevare wat vervolging inhou. Alhoewel ons nie presies weet watter spesifieke tipe vervolging hy aangespreek het nie, weet ons dat die kerk verskriklike beproewings sou moes verduur omdat heidense Rome daarop uit was om die groeiende beweging van mense wat "Christene" genoem was, uit te roei.

Maar Satan het 'n dubbele aanval gerig. Vervolging van buite — deur die gebruik van brutale mag en geweld — was sekerlik 'n kragtige wapen. Maar iets anders het die kerk bedreig, iets wat selfs meer gevaarlik as vervolging van buite was. En dit was die bedreiging van binne die kerk. Net soos die Joodse nasie in die verlede teenoor valse profete moes optree, sou die volgelinge van Jesus in Petrus se tyd teenoor valse leraars wat "verderflike ketterye heimlik sal invoer" in die kerk *(II Pet. 2:1),* moes optree. En, nog erger, Petrus het gewaarsku dat baie hierdie "verderflikhede" sou navolg *(II Pet. 2:2).* Wat was sommige van hierdie leerstellings waarteen Petrus gewaarsku het? Hoe het Petrus daarop gereageer, en watter lesse kan ons uit sy waarskuwings vir ons situasie vandag neem terwyl ons bedreiginge van binne beleef?

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat 10 Junie.*

Sondag

4 Junie

Valse Profete en Leraars

Dit is soms maklik om die vroeë kerk op te hef, om daaraan te dink as 'n tyd van groot vrede en harmonie tussen die eerste gelowiges in Jesus. Dit was nie so nie. Selfs toe Jesus op die aarde was, het die kerk gesukkel, dikwels in die binnekringe (dink maar aan Judas). Volgens die Nuwe Testamentiese briewe het baie van die probleme deur valse leerstellings binne-in die kerk onststaan. Die vroeë kerk het nie net met vervolging van buite af gesukkel nie, maar ook met probleme van binne af. In hierdie brief spreek Petrus sommige van daardie interne uitdagings aan. Wat was hulle? "Maar daar was ook valse profete onder die volk, net soos daar onder julle valse leraars sal wees wat verderflike ketterye heimlik sal invoer, en ook die Here wat hulle gekoop het, verloën en 'n vinnige verderf oor hulleself bring; en baie sal hulle verderflikhede navolg, en om hulle ontwil sal die weg van die waarheid gelaster word; en uit hebsug sal hulle met verdigte woorde voordeel uit julle trek. Oor hulle is die oordeel van lankal af nie werkeloos nie, en hulle verderf sluimer nie." *(II Pet. 2:1-3)*. Dit klink nie soos 'n tyd van vrede en interne harmonie tussen die broeders en susters nie, of hoe?

Lees II Petrus 2:1-3, 10-22. Waarteen waarsku Petrus hier? Wat is sommige van die valse dinge wat in die kerke ingebring was?

_____

_____

_____

_____

In II Petrus 2:1 word die rede hoekom die Here Petrus geïnspireer het om hierdie brief te skryf, heelwaarskynlik geopenbaar. Hy het hulle gewaarsku dat net soos daar valse profete in die verlede was, daar weer valse leraars in die toekoms sal wees. Petrus maak 'n reeks aantygings teen hierdie leraars, alles vanaf "verderflike ketterye" *(II Pet. 2:1)* tot by "slawe van die verdorwenheid" *(II Pet. 2:19)*, en 'n menigte ander afdwalinge ook. Uit dit wat hy skryf, kan ons sien dat hierdie dinge baie gevaarlike leerstellings was wat verduidelik hoekom hy so kragtig daarteen geskryf het. Petrus het glad nie eers daaraan gedink dat leerstellings nie saak maak nie.

Let op na hoe kragtig Petrus teen hierdie valse leerstellings reageer. Wat behoort dit aan ons te sê oor hoe belangrik waarheid is? Hoe kan ons onsself teen enige en alle pogings om valse leerstellings in die kerk in te bring, beskerm?

Maandag

5 Junie

Vryheid in Christus?

"Want deur trotse woorde vol onsin uit te spreek, verlok hulle deur begeerlikhede van die vlees en ongebondenheid dié wat waarlik die mense ontvlug het wat in dwaling wandel."*(II Pet. 2:18)*

Waarteen waarsku Petrus in hierdie vers? Wat sê hy in II Petrus 2:19 wat help om sy besorgdheid te verduidelik? Wat is belangrik omtrent die woord "vryheid" in vers 19?

In die sterkste moontlike taal het Petrus sy lesers teen die gevare van valse leraars gewaarsku. In II Petrus 2:18-21 het hy gewaarsku dat hierdie valse leraars, terwyl hulle vryheid belowe, in werklikheid mense na slawerny lei. Wat 'n verdraaiing van die evangelie! Vryheid in Christus behoort vryheid van die slawerny van sonde te beteken *(Rom. 6:4-6)*. Enige begrip van vryheid in Christus wat 'n persoon in die slawerny van sonde los, is die tipe afdwaling waarteen Petrus waarsku. Alhoewel Skrifgeleerdes oor die presiese dwaalleer wat hy hier aanspreek, gedebatteer het, word dit duidelik aan die sondevraagstuk en om aan sonde verslaaf te wees, gekoppel.

Lees Johannes 8:34-36. Hoe help Christus se woorde in hierdie verse ons om wat Petrus hier sê, te verstaan?

Wat hierdie valse leraars ook al verkondig het, het hulle hul slagoffers – mense wat onlangs die Here gevind het – terug na hulle sondige manier van lewe gelei. Dit is maklik om 'n denkbeeld te vorm van 'n tipe goedkoop-genade-evangelie wat die nodigheid om rein en heilig te lewe, onbelangrik maak, wat veroorsaak het dat bekeerlinge weer deur die "verdorwenheid" vasgevang was waaruit hulle so pas ontsnap het *(II Pet. 2:19)*. Geen wonder dat Petrus hom so skerp en sterk uitgespreek het teen hierdie leringe, en hulle gewaarsku het wat die gevolge sou wees as hulle weer verstrik en oorwin sou word.

Hoe verstaan jy "vryheid in Christus"? Waarvan het Christus jou vrygemaak?

Dinsdag

6 Junie

‘n Hond draai om na sy eie braaksel

Lees II Petrus 2:17-22 en Matthéüs 12:43-45. Wat is die gevare wanneer ‘n nuwe bekeerling tot die Christendom, terugkeer na sy of haar vorige lewenstyl?

Petrus was veral besorgd oor die lot van hulle wat deur die valse leraars verlei was om terug te keer na hulle vorige sondes *(II Pet. 2:18)*. Die valse leraars beloof vryheid, maar Petrus toon dat die vryheid wat hulle belowe radikaal verskil van die tipe vryheid wat Jesus aan Sy volgelinge bied. Kyk na die kragtige waarskuwing wat Petrus gegee het. Dit sou beter gewees het “as hulle die weg van die geregtigheid nie geken het nie” *(II Pet. 2:21)* “as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het”, teruggekeer het na hulle ou weë. Natuurlik beteken dit nie dat hulle geval hopeloos was nie. Ons ken almal die verhale van diegene wat afgedwaal het van die Here en later teruggekom het. En ons weet dat die Here baie bly is wanneer hulle terugkeer, en dat Hy baie gelukkig is om hulle terug te verwelkom. *(Sien Lukas 15:11-32.)* Dit beteken net dat om af te dwaal ‘n baie gevaarlike pad is om te loop, en dat dit ook nie ‘n baie aangename een is nie. ‘n Hond wat omdraai na sy eie uitbraaksel is ‘n growwe beskrywing, maar Petrus stel sy punt duidelik. Petrus het dalk in II Petrus 2:20 doelgerig op die woorde van Jesus gesinspeel *(sien Matt. 12:45, Luk. 11:26)*. Jesus verwys deur ‘n gelykenis na iemand wat verlos word van ‘n onreine gees. Die onreine gees soek na ‘n ander plek en besluit om terug te gaan na “ ‘my huis waar ek uitgegaan het’“ *(Matt. 12:44)*. Hy “ ‘vind dit leeg, uitgeveeg en versier’”. Hy gaan en “ ‘neem sewe ander geeste slegter as hy self en woon daar’”. En Jesus sê, “ ‘die laaste van daardie mens word erger as die eerste’ ” *(Matt. 12:45)*. Die gevaar wat hier deur Jesus geïllustreer word, word deur Petrus as werklik beskryf. Die nuwe gelowige moet seker maak dat dinge wat sy of haar lewe oorheers het, deur die werk van die Heilige Gees vervang word. Indien betrokkenheid by die kerk en die belydenis van jou geloof teenoor andere nie die vroeë sekulêre aktiwiteite vervang nie, is dit baie maklik om terug te val in die ou gewoontes.

Op watter maniere kan ons as ‘n kerkfamilie al ons lede beter koester en ondersteun, veral die nuwe lede?

Woensdag

7 Junie

Petrus en Judas

Baie mense het al opgelet dat Judas 4-19 in ‘n groot mate Petrus se boodskap in II Petrus 2:1-3:7 herhaal. Wanneer die Skrif ‘n boodskap herhaal, behoort ons bewus te word daarvan dat God iets baie belangrik aan ons wil sê. In hierdie soortgelyke Skrifgedeeltes, doen Petrus en Judas alles in hulle vermoë om ons ‘n belangrike waarheid mee te deel: God is in beheer van die eindbestemming van die goddelose mense. Beide Petrus en Judas wys ons sonder twyfel daarop dat God sonde en boosheid goed dophou. Of dit die onregverdige mensdom of die gevalle engele is, God let op na hulle sondes en beplan om hulle op die oordeelsdag te straf *(II Pet. 2:9, 17; Judas 6)*.

Lees II Petrus 2:1-3:7 en Judas 4-19. Watter voorbeelde van God se vroeëre vergeldinge noem Petrus en Judas om te bevestig dat God bedoel om met sonde af te reken?

Petrus en Judas noem drie voorbeelde van vergeldinge deur God uit die verlede: die vernietiging van die ou wêreld deur die sondvloed, die uitwissing van Sodom en Gomorra met vuur, en die engele wat met boeie bewaar word vir die oordeel *(II Pet. 2:4-6; 3:7; Judas 6, 7)*. Al hierdie gebeurtenisse dui op ‘n aaklige finale einde. Alhoewel die Skrif baie oor God se barmhartigheid en genade praat, speel God se regverdigheid ook ‘n belangrike rol in die finale uitwissing van sonde. Wat was die sondes wat sulke geweldige straf veroorsaak het? Dit sluit die invoer van verderflike ketterye in; om gesag of heerskappy te verag; om slawe van sondige gewoontes te wees; om die genade van onse God te verander in ongebondenheid; om die enigste Heerser, God, en onse Here Jesus Christus te verloën; om die vlees te besoedel; om trotse woorde vol onsin uit te spreek; om dit wat hulle nie ken nie, te belaster *(II Pet. 2:1, 10, 19, Jud. 4, Jud. 8, II Pet. 2:18, Jud. 10)*. Let op, hierdie beskrywings sluit nie geweld en ander booshede wat ons baiekeer ontstel, in nie. Dit beskryf die meer subtiele sondes wat een ding in gemeen het, sondes wat soms deur die kerkgemeenskap self verskoon word. Hierdie feit behoort ons wakker te maak vir die groot behoefte wat daar vir opregte bekering en hervorming in die kerk is.

Lees II Petrus 2:12 en Judas 10. Hier vergelyk Petrus en Judas diegene wat in hulle verdorwenheid of sondige gewoontes wag om vernietig te word, met “redelose” diere wat die natuur volg en wat gebore word om gevang en vernietig te word. Hoe vergelyk hierdie beskrywing met dit wat God oorspronklik met die skepping van die mens bedoel het, en hoe kan jy voorkom dat dit in jou lewe gebeur?

Donderdag *8 Junie*

Meer lesse uit die Ou Testament

Lees II Petrus 2:6-16. Watter ander voorbeelde gebruik Petrus om te waarsku waarheen sonde uiteindelike sal lei?

Die eerste verwysing na Sodom in die Bybel word in Génesis 13:12, 13 gevind. Lot en Abraham het besluit om weens "finansiële" redes weg te trek van mekaar af. Lot het die Jordaanstreek gekies "en sy tente tot by Sodom opgeslaan" *(Gén. 13:12)*. Die Bybel sê verder, "En die manne van Sodom was sleg en groot sondaars voor die Here" *(Gén. 13:13)*. Later, toe God Abraham gewaarsku het dat Hy van plan was om Sodom te vernietig, het Abraham met God onderhandel om, indien daar 10 regverdige mense in Sodom was, die stad te spaar *(Gén. 18:16-33)*. Die onwaarskynlikheid om 10 regverdige mense in Sodom te vind, was bewys met wat gebeur het toe die boodskappers na Lot gestuur was om hom te besoek. Die stad was vernietig; net Lot en sy twee dogters het ontvlug *(Gén. 19:12-25)*. Petrus haal twee lesse uit hierdie verhaal uit. Eerstens voorsien die twee stede 'n voorbeeld van die straf wat die goddelose uiteindelik sal ontvang *(II Pet. 2:6)*. Tweedens word daar getoon dat die Here weet hoe om die regverdiges uit beproewing te red *(II Pet. 2:7-9)*. Petrus noem dan sommige van die karaktertrekke van diegene wat saam met Sodom en Gomorra vernietig was: die losbandigheid van die sedelose mense, hulle wettelose werke, hulle vermetelheid en aanmatigende gedrag, en hulle onbeskroomdheid om die heerlike wesens te belaster *(II Pet. 2:10, 11)*. Hierdie karaktertrekke stem ooreen met hoe Petrus die valse leraars en hulle volgelinge beskryf.

Die verhaal van Bíleam word in Númeri 22:1-24:25 gevind. Hy was deur Balak, die koning van Moab, gehuur om die Israeliete te vervloek. Hy was eers ongewillig, maar uiteindelik was hy omgepraat om die taak uit te voer vir meer geld *(Núm. 22:7-21)*. Op pad het "die Engel van die Here" in die pad van die esel gaan staan. Bíleam was gered omdat die esel uit die pad uitgedraai het en die veld ingeloop het. Bíleam het die esel geslaan en sy fout eers agtergekom nadat sy oë geopen was en hy die Engel van die Here in die pad sien staan het *(Núm. 22:22-35)*. Op die ou end het Bíleam Israel geseën (Núm. 23:4-24:24). Petrus het Bíleam as 'n voorbeeld gebruik om diegene wat deur owerspel en hebsug verlei was *(II Pet. 2:14, 15)*, te beskryf. Sulke mense is soos Bíleam. Hulle het die pad verlaat wat hulle behoort te volg.

Dink aan alles wat aan ons gegee was, beide in die Bybel en in die geskrifte van Ellen G. White. Dus, kan ons as Sewendedag-Adventiste ooit sê dat ons nie gewaarsku was nie?

Vir verdere studie:

Ons hoor so baie dat Christene oor "vryheid in Christus" praat. En, natuurlik, dit is 'n kernkonsep. Om vry te wees van die veroordeling van die wet en om versekering van verlossing te hê deur wat Christus vir ons gedoen het en nie deur ons eie werke nie, is inderdaad om vry te wees. Die verhaal van Martin Luther en die knegskap en slawerny waaronder hy gelei het voordat hy genade verstaan het, is 'n goeie voorbeeld van wat hierdie vryheid kan beteken. Maar, soos ons in Petrus se brief gesien het, kan die wonderlike waarheid verdraai word. "Die groot waarheid van ons algehele afhanklikheid van Christus vir redding is baie naby die dwaling van aanmatiging. Vryheid in Christus word deur duisende met wetteloosheid verwar; en omdat Christus gekom het om ons van die veroordeling van die wet te verlos, verklaar baie dat die wet self mee weggedoen is en dat hulle wie die wet onderhou, genade verwerp. Daarom, omdat waarheid en dwaling so naby verwant is, sal verstande wat nie deur die Heilige Gees gelei word nie, die dwaling aanvaar, en deur dit te doen, hulself onder die krag van Satan se misleidings plaas. Deur mense dus te verlei om die waarheid met dwaling te vervang, werk Satan om die eerbetoning van die Protestante wêreld te verkry." — Ellen G. White, *Christ Triumphant*, bl. 324, *(vrye vertaling)*.

Vrae vir bespreking:

1. Dink na oor II Peter 2:19 en wat Petrus oor die gevolge van valse leerstellings, sê. Hoekom moet ons seker maak om die kernwaarhede wat ons glo, self te leer ken? Hoe belangrik is dit dat ons almal presies ooreenstem met wat ons behoort te glo? Wanneer word dit "gevaarlik" om idees uit te dink wat van die res van ons medegelowiges verskil?

2. Kyk na sommige van die sterk stellings wat Petrus maak met betrekking tot die vraag oor straf en oordeel: "en 'n vinnige verderf oor hulleself bring" *(II Pet. 2:1);* "in hulle verdorwenheid te gronde gaan" *(II Pet. 2:12)*; "die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word" *(II Pet. 2:9)*; "en hulle verderf sluimer nie" *(II Pet. 2:3)*. Wat behoort hierdie verse ons te vertel oor hoe sterk God diegene veroordeel wat Sy volk laat afdwaal?

3. Hoe verstaan jy dit wanneer mense van "vryheid in Christus" praat, hulle dit gewoonlik oor die algemeen nie met die wet in gedagte doen nie (alhoewel sommige dit doen), maar in terme van die onderhouding van die vierde gebod, die Sabbatgebod? Hoe help hierdie argument ons om op 'n ander manier te sien dat "vryheid in Christus" verdraai kan word?

Notas